# Die welsyn van die ekonomie

## Plaaslike ekonomiese nuus: Julie 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Onlangse ekonomiese publikasies het 'n aanduiding gegee van die welstand van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hoewel daar verbetering is, bestaan daar tog kommer oor die vraag of die huidige ekonomiese groeikoers volgehou kan word.

### BBP en vervaardigingsgroei stadig maar gesond

StatsSA het BBP-syfers bekend gemaak wat op 'n stewige versnelling in ekonomiese groei dui, van 'n gesonde 4.5% in die vierde kwartaal van 2010 tot 4.8% in die eerste kwartaal van 2011. Verrassend genoeg het vervaardiging die grootste bydrae tot groei gemaak ondanks die relatief sterk rand. Dit lyk asof binnelandse ekonomiese herstel momentum kry, hoewel daar nog uitdagings voorlê.

Die Aankoopbestuurdersindeks, wat 'n goeie toonaangewende aanwyser is van bedrywigheid in die vervaardigingsbedryf, het afgeneem hoewel dit bokant 50 indekspunte bly, wat op uitbreiding dui. Die Reserwebank se toonaangewende aanwyser het ook afgeneem, hoewel dit steeds op toekomstige ekonomiese uitbreiding dui, wat beteken dat kwartaallikse groei in die tweede helfte van die jaar miskien nie teen hierdie vlakke volgehou sal kan word nie. Hoewel die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) nie vanjaar Suid-Afrika se groeivoorspellings ingekort het nie, is dit belangrik om te onthou dat volgehoue groei vir ons vervaardigde uitvoere sterk staatmaak op die sterk groei van ons internasionale handelsvennote se ekonomieë.

### Verbruikers bestee steeds

Die Reserwebank se kwartaallikse bulletin het 'n redelik optimistiese prentjie geskets van die huidige verbruikerswelstand. Vir die tweede agtereenvolgende kwartaal het verbruikersbesteding toegeneem van 4.8% in die vierdie kwartaal van 2010 tot 5.2% in die eerste kwartaal van 2011.

Soos verwag, het die duursame goedere-komponent sterk gegroei in lyn met die goeie vertoning van voertuigverkope in die eerste maande van 2011. Dit wil voorkom asof die gety in daaropvolgende maande gedraai het en dit sal dus interessant wees om te sien hoe dit die groei in algehele besteding in die tweede kwartaal van die jaar beïnvloed.

'n Toename in besteebare inkomste ondanks 'n groei in werkloosheid oor dieselfde tydperk, beklemtoon die feit dat werkende verbruikers steeds in staat is om meer te bestee. Die inkomstegroei kan deels verklaar word deur 'n redelike sterk vertoning van die aandelemark. Hoewel dit voorheen in hierdie nuusbrief genoem is, moet dit beklemtoon word dat dit tesame met ekonomiese groei noodsaaklik is om 'n toename te sien in die ekonomie se werkskeppingsvermoë. Die huidige arbeidsmag en die getal verbruikers wat onafhanklik vir hulself kan sorg, is te klein. Ondanks stewige

groei, het die bydrae van verbruikersbesteding tot BBP afgeneem van 62.7% voor die krisis in 2008, tot 58.2% in die eerste kwartaal van 2011.

Dit is duidelik ‘n belangrike deel van die ekonomie en sal slegs volhoubaar groei namate werkskepping toeneem. Die goeie nuus is dat die jongste verbruikersvertroue-indeks daarop dui dat verbruikers positief is oor die toekomstige stand van die ekonomie, sowel as hul geldsake. Dit kan besteding ‘n hupstoot gee.

## Skuld steeds hardkoppig hoog

Hoewel verbruikers huiwerig is om nuwe skuld aan te gaan, sowel vanweë strenger uitleen-voorwaardes by banke as hul eie versigtigheid, is die stadige tempo waarteen skuldvlakke verlaag word, nie baie bemoedigend nie. Teen die heersende lae rentekoerse is die dienskoste van skuld op ‘n geskiedkundige laagtepunt, maar die verhouding van huishoudelike skuld tot besteebare inkomste het skaars verander van die onlangse toppunt van 82% in die tweede kwartaal van 2008 tot 76.8% in die tweede kwartaal van 2011. Dit plaas ‘n vraagteken oor toekomstige bekostigbaarheid; met inagneming van die opwaartse neiging in die inflasiekoers, mag die Reserwebank dalk teen die laaste kwartaal van hierdie jaar of vroeg in 2012 rentekoerse moet verhoog. Dit sal uiteraard verdere druk uitoefen op verbruikers se skuldvlakke.

## Spaar kry ‘n knou

Dit is ‘n bron van kommer wanneer Suid-Afrikaners nie genoeg spaar nie. Nie net is dit nadelig vir die individu wat nie spaar nie, maar dit het ook ‘n uitwerking op die wyer ekonomie. ‘n Deel van die geld wat benodig word om vir masjinerie, toerusting, paaie, ens. te betaal (items wat tot Suid-Afrika se produktiewe vermoëns bydra), kom uit die land se spaarpoel. Indien dit nie voldoende is nie, word geld vir hierdie ‘kapitaalbesteding’ verkry uit buitelandse beleggers se geld wat die land binnekom. Suid-Afrika wil nie van hierdie buitelandse geld afhanklik raak nie, omdat ‘n verandering in die houding en persepsies van buitelandse beleggers jeens Suid-Afrika die neiging sou kon omkeer. Dan sou ‘n bron van geld waarop ons afhanklik geraak het, eenvoudig nie meer beskikbaar wees nie. Dit is veel wensliker dat plaaslike spaargeld gebruik word om ons ekonomie mee te bou.

Korporatiewe Suid-Afrika is steeds die kern van die nasionale spaarpoging, hoewel die korporatiewe spaarkoers effens gedaal het sedert die vierde kwartaal van 2010. Dit sal bly daal solank as maatskappye voortgaan om van hul spaargeld te gebruik om hul besigheid uit te brei.

Huishoudelike spaarpogings as ‘n persentasie van BBP bly steeds op ‘n teleurstellend lae 1.5%. Met skuldvlakke wat hoog bly, is dit belangrik om hierdie vlakke te verlaag, aangesien die koste om skuld te diens, vinniger kan styg as die korttermyn opbrengs op spaargeld. Dit is noodsaaklik dat ons ‘n spaarkultuur ontwikkel eerder as om op skuld staat te maak om verbruiksbesteding te finansier.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*